McNALLY DURING HARMS COMMISSION

want copy

OPENBARING VAN INLIGTING IN CAMERA INGEWIN OOR DIE VRAAG OF WYLE MNR ANTON LUBOWSKI 'N BETAALDE AGENT VAN DIE SAW SE MILITêRE INLIGTING WAS

Na die beëdigde verklaring van Generaal R Badenhorst (D-1) het die Kommissie onder andere 'n beëdigde verklaring van 'n senior stafoffisier gestasioneer by AMI ontvang waarin volledig met die vraag gehandel word of die verrigtinge ten aansien van die voorgelegde vraag in camera gehou moet word of nie. Ek, as voorsitter en Adv McNally, as senior beampte van die Kommissie het, nadat ons insae in brondokumente verkry het, ons tevrede gestel dat 'n openbaring van die voorgelegde feite nie alleen die inligtingstelsel van AMI ernstig kan benadeel nie maar dat bepaalde individue se vryheid en/of lewens in gevaar gestel kan word. Ek is terdeë bewus van die feit dat volle openbaring wenslik is, nie alleen om toe te sien dat "justice is seen to be done" nie, maar ook om enige belanghebbendes die geleentheid te bied om weerleggende getuienis voor te lê of om die aangebode getuienis te toets. Die opweging van die twee botsende belange het daartoe gelei dat ek veral die moontlike lewensgevaar bo die ander belange moet stel. Ek is dus nie van voorneme om, tensy iets onvoorsiens gaan gebeur, meer te openbaar as wat hiermee geopenbaar word nie. Indien 'n belanghebbende weerleggende getuienis wil aanbied, kan daardie getuienis, op versoek van so 'n belanghebbende, in die openbaar gelei word.

Oorweging is daaraan geskenk om 'n volle openbaarmaking aan byvoorbeeld net die advokate te maak maar omdat dit 'n onredelike onus op die advokate sou plaas hoe om met die inligting te handel, is daarteen besluit.

Die opdrag van die Kommissie val in twee dele:

(a) het wyle Adv Lubowski geld van AMI ontvang? en

(b) indien wel, het hy dit as agent ontvang?

Ten aansien van die eerste vraag is die Kommissie insae

..../2 gebied

south african history archive SAHA

gebied in of het die Kommissie besit geneem van die volgende dokumente:

(a) die oorspronklike tjeks uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Weermag, behoorlik gekruis, en uitgemaak aan 'n intermediêre party;

(b) die oorspronklike aanvraagvorms wat tot die tjeks aanleiding gegee het en wat aantoon dat die bedrae bedoel is as 'n voorskot aan 'n medewerker en 'n aanduiding van die finale bankrekening waarin die fondse hulle weg moes vind. Die datums en bedrae van die aanvraagvorms korrespondeer met die tjeks onder (a);

(c) bewys van betaling van die tjeks in die rekening van 'n tussenganger;

(d) tjeks op die rekening van die tussenganger getrek. Die datums en bedrae van hierdie tjeks korrespondeer met die tjeks in (a) genoem;

(e) die oorspronklike duplikaat depositostrokies wat korrespondeer met die oorsponklike depositostrokies wat in een of beide van die volgende banklêers gevind is:

(i) Paradiso Trust, 'n bankrekening gehou te Nedbank, St George's Straat, Kaapstad. Rek no 01009428144 en waarop wyle Adv Lubowski die alleen tekenmagte gehad het;

(ii) die persoonlike bankrekening van Mnr A T E A Lubowski onder no 1038018420 gehou te Nedbank Windhoek

(f) microfiches waarop die inbetalings en die oorspronklike tjeks aangetoon word.

Oorspnonklike depositostrokies uit die Paradiso Trust-rekening van

8/6/89 - R40 000 en

28/6/89 - R20 000

is as bewysstukke ingehandig. So ook die micro-fiches. Geen

ander dokumente is as oorspronklikes uit enige van die twee bank-rekeninge ingelewer nie.

Ten aansien van die tussenganger, word nie geopenbaar of daar een of meerdere tussengangers was nie. Wat (c) en (d) aanbetref, is die meervoud moontlik toepaslik, maar is die volle ketting gevind.

Die Kommissie het ook getuienis ingewin dat die persoon of persone in beheer van die tussenganger(s) onbewus was van die transaksies deur die rekening(s). Lede van AMI het die nodige tekenmagte gehad en dit gebruik.

Die tweede vraag is in ŉ mate maar nie noodwendig, van die antwoord op die eerste afhanklik. Intussen is die getuienis voor die Kommissie dat die betalings aan Lubowski aan hom as agent geskied het en dat hy sekere teenprestasies gelewer het. Die Kommissie is, totdat daar feite tot die teendeel aangebied is, nie van voorneme om ŉ detail-ondersoek te loods nie.

south african history archive
SAHA